# Thato en sy kleuterskool

Illustrasies: Magriet Brink en Leo Daly
Outeur: Nina Orange (teks aangepas vir hierdie Groot Boek)

## Kwartaal 4 – Groot Boek 2



Afrikaans

GAUTENG PROVINCE
EDUCATION
REPUBLIC OF SOUTH AFRICA

GGT2030
GROWING GAUTENG TOGETHER



Dit is Thato. Hy het 'n kleuterskool vir wilde babadiere wat nie ouers het nie.

T4_2 Keeper and his nursery_big book_A.indd 1 2021/11/04 18:36



Die helpers voer die diere, hou hulle warm en gee vir hulle medisyne wanneer dit nodig is.



T4_2 Keeper and his nursery_big book_A.indd 2 2021/11/04 18:36



Eendag bring Thato 'n baba-olifant na die kleuterskool. Sy is baie maer en hartseer. Hulle noem haar Nandi.



T4_2 Keeper and his nursery_big book_A.indd 3 2021/11/04 18:36



Eers wil Nandi nie eet nie en lê net en slaap onder 'n kombers.



T4_2 Keeper and his nursery_big book_A.indd 4 2021/11/04 18:36



Gou word Nandi sterker en begin met die ander diere speel. Haar beste maats is die baba-kameelperd en die baba-renoster.



T4_2 Keeper and his nursery_big book_A.indd 5 2021/11/04 18:36



Nandi is mal daaroor
om in die water te plas.
Partykeer spuit sy vir
Thato met haar slurp nat!



T4_2 Keeper and his nursery_big book_A.indd 6 2021/11/04 18:36

Hierdie Groot Boek is deur Wordworks ontwikkel.
Ontwerp deur Jacqui Botha. Vertaling deur Laetitia Bedeker.
Redigering deur Ilse von Zeuner.

Dit is aangepas van die boek *Keeper and his nursery*, gepubliseer deur African Storybook (www.africanstorybook.org).

Hierdie Groot Boek is gelisensieer onder ’n Creative Commons Attribution 4.0-lisensie (http://creativecommons.org/licenses/by/4.0/).

T4_2 Keeper and his nursery_big book_A.indd 7 2021/11/04 18:36